



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrief@framesby.co.za

Uitgawe 50: 12 Junie 2015

50 STE UITGAWE!

Op 31 Januarie 2014 het die eerste uitgawe van die Fakkels-Flitse verskyn, en vandag, byna 'n anderhalf jaar later, staan ons by die 50ste uitgawe! Dis veral verblydend dat baie leerders en ouers weekliks uitsien na die volgende uitgawe en dat Framesby ook op hierdie manier 'n weeklikse kommunikasie-kanaal na ons hele skoolgemeenskap kan benut.

Ongeveer 600 gesinne ontvang die Flitse elektronies. Vir daardie gesinne wat dit nie elektronies kan of wil ontvang nie, word die harde kopie weekliks aan die leerders beskikbaar gestel. Ons sou verkies dat 'n baie groter persentasie gesinne die elektroniese roete verkies, aangesien heelwat addisionele inligting dan aangeheg kan word.

Ons poog om al die kommunikasiemiddele tot ons beskikking gereeld te hersien en so vars as moontlik te hou. Hou dus gerus die skool se webtuiste en die "School Communicator" meer gereeld dop.

Indien u as ouer graag 'n bydrae tot die Fakkels-Flitse wil maak, is u baie welkom. Stuur u bydrae aan die e-pos-adres hierbo aangetoon. Die formaat is gewoonlik dat algemene inligting op die eerste bladsy verskyn, nuus, uitslae en prestasies in die middel hanteer word, en dat die laaste bladsy gereserveer word vir 'n paar "dieper" gedagtes en pitkos vir die week. Ons poog ook om prestasies deur oud-leerders dekking te gee. Hoe meer foto's ons van ons leerders kan plaas, hoe beter.

Enige opbouende kritiek is uiteraard ook baie welkom.

Framesby 50 kom nader!

In 2016 word ons 50 en die bal is aan die rol met die beplanning vir die feesjaar. Die volgende reëlings kan reeds bekendgemaak word:

1. Daar sal 'n hardeband-gedenkboek in koffietafelboek-formaat uitgegee word. Ons wil graag die volle verhaal so smaakvol moontlik vasvang met voldoende foto's en eerstehandse weergawes. Enige oud-leerder wat 'n bydrae in hierdie verband kan lewer, kan mev. Lienus van der Watt by 041 360 1257 of by skoolhoof@framesby.co.za skakel.
2. Alhoewel verskeie geleenthede deur die loop van die jaar aan die feesjaar gekoppel sal word, sal die amptelike feesvieringe van 26 April tot 2 Mei 2016 plaasvind. Die volledige program sal nog gefinaliseer word.
3. 'n Spesiale Oud-leerlingdinee word vir die einde van die derde kwartaal beplan. Die reëlings hiervoor sal binnekort onder leiding van 'n ad hoc Oudleerling-komitee op dreef kom.

Dis Dinsdag 16 Junie
JEUGDAG

Ons herdenk die bydrae wat die jeug van Suid-Afrika tot die demokratisering van ons land gemaak het.

Onthou: Julle is die toekoms van ons land. Laat ons **JULLE** bydrae tot ons land se toekoms Dinsdag in geloof en met vertroue vier! **LEEF** jou verantwoordelikheid!

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Saterdag

Shanique Kortrooi 9F
Monré Olivier 8E

Sondag

Geen

Maandag

Geen

Dinsdag

Kaylee Rütters 9G

Woensdag

Nicole Steenkamp 8F

Donderdag

Faith Davids 9G
Zurelda de Lange 11A
Brian Greeff 12D
Codi Groenewald 11F
Helen Keyter 11A

Vrydag

Janco Harpesatad 10B
Joanita Swanepoel 12H
Demi van Zyl 8E

PRESTASIES EN UITSLAE



GEMENGDE WELSLAE TEEN BRANDWAG

Ons het verlede naweek met 'n groot groep spanne in hokkie, netbal en rugby met Brandwag op Ultenhage meeding. Hierdie bepaling is elke jaar uiters kompetierend, en vanjaar was weer eens geen uitsondering nie.

Op die netbalbaan het ons O/14A-, O/16A- en 1ste spanne ook meeding om 'n plek in die Challenge-reeks. Die O/14 A-span het in 'n klipharde stryd geseëvier met 23 – 22, maar ons O/16A-span en 1ste span moes ongelukkig die knie buig. Almal het egter hul heel beste gegee.

By die O/14's het die B-span verloor, en die C-span gemaklik gewen. Ons O/16 B-span het ook ongelukkig verloor, maar die C- en D-spanne het beide baie goeie oorwinnings behaal. By die O/19's het ons met al ons ander spanne koning gekraai.

Baie sterkte aan ons spanne wat deurgedring het na die volgende rondte van die Challenge-reeks.

Ons Dogtershokkiespanne het ook gemengde welslae behaal. Vyf van ons spanne het ongelukkig verloor, maar almal het met hul spel Framesby se naam hoog gehou! Baie geluk aan die O/16 C-span en die 4de span wat hul wedstryde gewen het. Pragtig! Op ons eerstespan is ons BAIE trots! Hulle het met groot entoesiasme en karakter Brandwag met 2 – 1 ore aangesit. Hou so aan, girls!

Op die rugbyveld het die spanne kliphard gekompeteer. Ons O/14-A-span het uitstekend gevaar en die sterk span van Brandwag baie besig gehou. Ons was BAIE ongelukkig om nie die wedstryd te wen nie, en moes uiteindelik die knie met 3 – 5 buig. Die O/14 B-span het 14 – 14 gelykop gespeel. Brandwag het net een O/15 span en hier het ons A-span 'n weghol-oorwinning van 41 – 7 behaal. Baie mooi! Ons O/16-spanne het beide baie goed gespeel, maar het ongelukkig albei verloor. By die seniors het die derdes en tweedes pragtige oorwinnings behaal, en is die tafel gedek vir 'n baie spannende eerstespanwedstryd.

Ons manne het Brandwag in die eerste helfte stukkend gespeel en was rustyd met 25 – 13 voor. Brandwag het egter nie gaan lê nie en het ons telling met ongeveer 15 minute speelyd oor verbygesteek en 33 – 25 voorgeloopt. Die manne van die Bloktrui het kliphard teruggeveg en op die Brandwag-doellyn geboer. Met enkele minute oor het ons gaan druk om die telling 32 – 33 te maak. 'n Verbroude strafskep net voor die eindfluitjie was die laaste kans om 'n haas uit die hoed te trek, en ons verloor 32-33. Baie goed gespeel manne! Julle het baie karakter gewys. Kom ons maak reg in die derde kwartaal!

Eksamentyd vat maar aan die stresvlakke!



Om eksamen te skryf is nooit lekker nie, maar ons almal weet dat eksamens eintlik uitgedink is om leerders in robotte te verander. Daar behoort darem seker beter maniere te wees om kennis te toets! Grappie. Eksamens is hier om te bly, en moet ons probeer om elke eksamen met oorgawe en entoesiasme te pak. Tog bly dit 'n stresvolle affêre! Gewoonlik moet die hele huishouding deurloop en raak hormone heel deurmekaar! Verhoudings begin maklik uitrafel en die hele ding raak partykeer net “too much to handle”!

Moenie dink daar is iets fout met jou nie. Dis normaal! Al wat nodig is, is om net weer te fokus en te weet dat jy nooit meer beproef sal word as wat jy kan hanteer nie. Vat 'n “break” en stel net weer realistiese doelwitte. Eintlik 'n “breeze”! En onthou: baie mense is baie lief vir jou!

Hou tog darem 'n plekkie in jou hart vir jou onderwysers wat die vraestelle moet nasien. Praat van stres! Daar is min dinge wat 'n onderwyser so in sy eie vermoë laat twyfel soos 'n hopeloos-beantwoorde vraestel. Om nie te praat van die berge vraestelle wat net nie lyk of hulle minder word nie! G'n wonder mnr. Smith tref voorsorgmaatreëls nie!

STERKTE! DIE EINDE IS IN SIG!

SPORT EN KULTUUR-NUUS

Alhoewel dit nou eksamentyd is en baie aktiwiteite 'n klein blaaskans neem, is verskeie groepe steeds hard aan die werk. Die tweejaarlikse revue kom volgende kwartaal aan die beurt, en 'n groot groep leerders werk ongelooflik hard aan al die sang- en dansitems. Hierdie revue belooft om die beste ooit te wees. Baie sterkte aan almal wat hul aande opoffer om tot laat te oefen. Groot dank aan veral mev. Nash en me. Roodt vir al hul harde werk.

Intussen is Fantasia ook baie hard aan die werk. Die koor het vroeër vanjaar by Grey opgetree en groot lof ontvang vir hul entoesiastiese en energieke vertoning. By ons jaarlikse Bekendstellingsaand het hulle weer eens die Graad 7's omgebou met hul uitvoering. Die Frukkers sit ook nie stil nie, en verskeie produksies is besig om die lig te sien. Terselfdertyd oefen die Forté-ensemble ook baie hard, en het hulle ook met die Bekendstellingsaand groot naam gemaak! Aan al kultuur-deelnemers. Dit mag partykeer lyk of net die sport blootstelling kry. Wees egter verseker dat Framesby ONGELOOFLIK trots is op die hoë standaarde wat julle jaar na jaar handhaaf, en dat julle ons naam op soveel terreine uitdra. Hou so aan!

Vir ons spansporte lê daar 'n propvol derde kwartaal voor, met VYF volgepakte naweke van kompetisie wat mekaar opvolg voordat ons klaar maak met die Interskole teen Nico Malan. Aan ons sportmanne en vroue: Julle werk almal baie hard, en ons bepaling stel groot eise. Baie dankie vir julle toewyding en lojaliteit. Bly fiks en entoesiasties. Volgende kwartaal gaan 'n "breeze" wees!

Aan al ons provinsiale sportmanne en vroue wat die komende vakansie die OP of Oos-Kaap by nasionale toernooie gaan verteenwoordig, BAIE STERKTE! Hierdie skool spog baie graag met julle en ons is saam met julle baie dankbaar en trots dat julle so pragtig presteer. Mag dit met julle baie goed gaan, en ons weet dat julle Framesby se naam met trots sal uitdra. Dit verg groot opofferinge en baie tyd om op die hoogste vlak te kan meeding en presteer, en daarom kan julle weet dat ons al die pad agter julle staan!

TENNISPELERS EN FIETSRYERS PRESTEER

Ons het al gewoon geraak daaraan dat Framesby se twee top-tennisspelers, Willanie van Zyl en Janré Viljoen pragtig presteer. Hierdie twee is pas weer gekies om die OP in Julie teen Noord-Kaap te verteenwoordig, Willanie as nommer 1 by die O/18's en Janré nommer 1 by die O/16's. Veels geluk en baie sterkte!

Intussen is daar 'n klompie leerders wat uitstekend presteer in fietsry. Framesby het onlangs tweede geëindig in die Schools Challenge. Jarred Clark was die beste O/16-fietsryer en Franco Boshoff die beste O/14-ryer in die kompetisie. Die ander O/16's van Framesby was Joshua Martin, Carlo Jonck en Brendan Opperman. Baie geluk met die praktiese prestasie!

EINDE VAN DIE PAD VIR MEV. TROLLIP

Een van die onafwendbare realiteite van die lewe is dat ons almal oud word, en dat diegene van ons wat bevoorreg genoeg is om tot 'n pensioenfonds te behoort, kan aftree en ons later jare kan geniet sonder die daaglikse sleur en bekommernisse van 'n werk.

Tog werk ons nie om af te tree nie. Nee, ons werk om elke dag 'n verskil te probeer maak, en om, soos in die stukkie op die laaste bladsy, elke dag die beste weergawe van onself te wees. En as jy gelukkig genoeg is om 'n onderwyser te wees, kan jy elke dag die toekoms van ons land aanraak. As 'n onderwyser dan die dag aftree, is dit in die hoop dat ons iets van waarde agtergelaat het by die leerders wat ons pad gekruis het.

So het ons einde April afskeid geneem van mev. Linda Trollip, wat vir jare Engels onderrig het hier by Framesby. Ons onthou haar as 'n besonder toegewyde mens vir wie haar leerders se *menswees* die hoogste prioriteit was. Sy het onwrikbaar geglo in dissipline en respek, en almal wat haar pad gekruis het, is beslis beter daaraan toe. Ons sal jou met groot toegeneëndheid onthou, mev. Trollip. Baie dankie vir die besondere bydrae om Framesby 'n beter plek te maak!



IETSIE VIR DIE SIEL

DIE BESTE WEERGAWE VAN MYSELF

Henri Nouwen, 'n priester en dosent wat in die verheve kringe van Harvard, Yale en Notre Dame beweeg het, het tot die oortuiging gekom dat hierdie omgewings hom nie lei om die mens te wees wat God bedoel het hy moes wees nie. Hierdie bekende skrywer het dus die laaste dekade van sy lewe daaraan gewy om die liggaamlik en verstandelik gestremde inwoners van 'n klein gemeenskap met die naam L'Arche, te versorg.

Daar het Henri vriende gemaak met een van die inwoners, Trevor. Trevor moes met vele verstandelike en emosionele beperkinge saamleef. Toe Trevor een keer hospitaal toe geneem is vir evaluering, het Henri gebel om te vra of hy Trevor mag besoek. Toe die bestuur van die hospitaal uitvind dat die beroemde Henri Nouwen daarheen gaan kom, het hulle hom gevra of hy met 'n paar dokters, predikante en geestelike werkers sou praat. Hy het ingestem, en toe hy daar aankom, was daar in die Golden Room 'n heerlike middagete gereed, maar Trevor was nie daar nie. "Waar is Trevor?" het Henri gevra. "Hy kan nie kom na die middagete kom nie," het hulle gesê. "Pasiënte en personeel word nie toegelaat om saam te eet nie, en geen pasiënt het nog ooit in die Golden Room geëet nie." "Maar die hele doel van my besoek was om middagete saam met Trevor te geniet" sê Henri. "As Trevor nie by die middagete mag wees nie, sal ek dit ook nie bywoon nie." 'n Manier is gevind om Trevor die middagete te laat bywoon.

Die Golden Room was gevul met mense wat ongelooflik opgewonde was omdat die groot Henri Nouwen in hul midde was. Sommige het so naby as moontlik aan hom probeer kom. Hulle het gedink hoe wonderlik dit sou wees om hul vriende te vertel, "Soos ek nou die dag vir Henri Nouwen sê" Party het voorgegee hulle het boeke gelees wat hulle nooit gelees het nie, en ideologieë ken wat hulle nie geken het nie. Ander was ontsteld dat die reël dat pasiënte en personeel van mekaar geskei moet bly, verbreek is. Trevor, onbewus van al hierdie onderstrominge, het langs Henri gesit, wat besig was om met die persoon aan sy ander kant te praat. Gevolglik het Henri nie agterkom toe Trevor opstaan nie. "'n Heildronk," het Trevor gesê, "ek sal nou 'n heildronk instel." Die hele vertrek was skielik doodstil. Wat op aarde doen hierdie man tog nou? het almal gewonder. Toe begin Trevor sing:

If you're happy and you know it, raise your glass. If you're happy and you know it, raise your glass. If you're happy and you know it, if you're happy and you know it, if you're happy and you know it, raise your glass

Eers het die mense nie geweet hoe om te reageer nie, maar Trevor het eenvoudig gestraal. Sy gesig en stem het vir almal vertel hoe trots hy was om daar te wees saam met sy vriend Henri. Op 'n manier het Trevor, in sy gebrokenheid en vreugde, 'n geskenk gegee wat niemand anders in daardie vertrek kon gee nie. →

OM 'N SUKSES VAN JOU DROME TE MAAK

Om jou drome na te streef moet die ideaal van elke jongmens wees. Daarom moet jy jouself deeglik ondersoek om sodoende te probeer vasstel waarin jy werklik belangstel. Die meeste van ons het sekere drome en jy moet beslis altyd hoër mik.

Baie jong kinders wens hulle kan vlieg, maar dit sal mos nie sommer gebeur nie. Jy moet dus realisties wees en binne jou vermoëns droom. Jy moet ook bereid wees om te waag. As jy dus die talent ontvang het om mooi te sing, probeer gerus om aan kompetisies deel te neem. Jy moet egter beseft dat talent alleen nie genoeg is nie. Jy sal baie oefening moet insit en dalk professionele afrigting moet kry. So kan die baie bekende Idols-kompetisie ongelukkig net een wenner hê! Tog kan van die ander deelnemers, met hardewerk, wel 'n sukses van hulle loopbaan maak.

Al ons gewone, vaal mense moet ook ons drome nastreef. Al is dit dan net om eendag 'n graad agter jou naam te skryf en sodoende 'n goeie werk te bekom. Dit beteken egter dat ons HARD MOET WERK en soms baie laagtepunte, teleurstellings en struikelblokke moet oorkom. Daarom moet jy GEFOKUS BLY OP JOU DOEL. Jy moet daarin GLO DAT JY SUKSES KAN BEHAAL al is daar mense wat jou wil laat glo dat jy niks in die lewe kan bereik nie.

**GAAN DUS VANDAG NOG OOR TOT AKSIE!!
BEPAAI JOU EIE TOEKOMS EN AANVAAR DIE
VERANTWOORDELIKHEID DAARVOOR. IEMAND
ANDERS KAN NIE JOU LEWE LEI NIE!!**

Mense het begin saamsing – eers saggies, maar toe met meer entoesiasme - totdat dokters en priesters en geleerdes dit byna uitgeskree het: "*If you're happy and you know it, raise your glass ...*" Alles onder die leiding van Trevor. Niemand het meer gespog nie. Niemand was meer bekommerd oor die reëls nie. Niemand het die PhD's en ADD's van mekaar probeer skei nie. Vir 'n paar oomblikke het 'n vertrek vol mense beweeg na die beste weergawe van hulself omdat 'n gewonde geneser naam Henri Nouwen gaan woon het onder dié wat gestrem is, en omdat 'n gestremde man met die naam Trevor die beste weergawe van homself uitgeleef het. Ons kom nie toevallig by die beste weergawe van onself uit nie. 'n Genie kan dit misloop, en 'n Trevor kan dit ontdek. As ek die mens wil word wat ek wil wees, sal ek elke vals ek wat my plek wil inneem, moet uitkakel – daardie teenstanders wat my kan keer om te word wat ek bedoel is om te wees.

Uit die boek *The Me I want to Be* deur John Ortberg